

Dinsdag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Haggai 2:1-9

Fokusgedeelte: Haggai 2:4

Skep moed in die heerlikheid van die nuwe tempel!

Die woord van die Here word deur die profeet Haggai uitgespreek op die laaste dag van die huttefees. Dit is die herdenking van die uittoeg uit Egipte en die trek deur die woestyn, asook die inwyding van die tempel van Salomo.

Met die vergelykende vrae na die tempel van Salomo, sluit Haggai aan by dit wat in die gedagte van baie leef: die tempel van Serubbabel steek sleg af. Om die feesgangers uit die gees van neerslagtigheid te help, stuur die Here vir Haggai met die wekroep: Skep moed ... Serubbabel ... Jesua ... en julle almal, burgers van die land, skep moed. In teenstelling met die moedeloosheid as gevolg van die bewus wees van hulle geringheid, en die grootsheid van die taak, kan hulle moed skep en sterk wees, want God se verbondsbelofte staan vas. Hy is ook deur sy Gees by hulle. Nog meer, die Here, die Heerser van alle magte, sal die natuur en die nasies in beweging bring om die tempel te bou en te versier. In dié tempel leer Jesus die volk en profeteer van die tempel se verwoesting. Deur Jesus Christus se versoeningswerk bind Hy almal wat deur die geloof aan Hom deel het, saam tot tempel van God deur sy Gees.

Vandag, 31 Oktober 2023, dink ons terug aan die baanbrekerswerk van die Hervorming. Ons skep opnuut weer moed om die werk waartoe God ons geroep het, gelowig voort te sit tot sy eer, want ons weet dat die wese van die belofte van die tempel vervul word in die nuwe Jerusalem, die woonplek van God by die mense (Op. 21:3.).

Daar sal ons Hom ewig loof en dank!

Sing: Skrifbelyning 18-7:10 (45:10)

Ds. S Hibbert (Simon) (emeritus)